

Sing vooraf staande: Psalm 46:6 (p. 237)

- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 5 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 5 Hul sal, o Heer, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die Heer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die Wet sing ons Psalm 107:4 (p. 534)

Psalm 107:4 (p. 534)

- 4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Wet

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
- Vergifnis:*
- *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 86:2 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde^oen vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Skriflesing: Markus 10

Teks: Markus 10:48

**En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep:
Seun van Dawid, wees my barmhartig!
(Markus 10:48 AFR1953)**

Arm en tog ryk.

'n Blinde man staan langs die pad.

- Maar hy is nie sommer net 'n gewone blinde nie. Hierdie man is in sy blindheid nog geweldig arm ook.
- Hy is op 'n ander manier arm as ander mense.
 - Hy is nie arm omdat hy 'n mislukking van sy lewe gemaak het nie.
 - Hy was ook nie minder begaafd dat dit is waarom hy deur die lewe teruggeskuif is nie.
- Hy kon nie sien om te werk nie. Daarom was hy sonder inkomste – 'n bedelaar.

Ons lees baie duidelik dat die volk van die Here hierdie man anders behandel as wat hulle gewoonlik met normale mense doen.

- Sy blindheid laai hom op hulle skouers af, want omdat hy nie kan sien om te werk nie, moet hulle vir hom sorg. Hierdie man is vir hulle 'n las.
- Daarom het hulle niks lus vir hom nie.

Die liefde wat hulle in die Here vir hierdie man moet hê, is hier so dun, dat dit wegslaan.

- Hy moet maar self bedel vir sy voedsel – hulle versorg hom nie.
- Hulle is hoogs geïrriteerd met hom.

Maar hierdie man het 'n rykdom in hom wat aan hom meer geestelike besittings besorg as wat baie van die mense rondom hom het.

Eendag hoor hy 'n groot skare by hom verbyloop.

- Vir een van hulle vra hy wat die oorsaak is dat daar so baie mense bymekaar is.
- Die persoon antwoord dat hulle Jesus volg, en dat hulle almal na sy prediking loop en luister.

Dit gebeur 'n paar dae voor Jesus se dood – net voor die laaste intog in Jerusalem en die kruisiging.

Teen hierdie tyd was Jesus al bekend by al wat 'n Jood is.

- Ook by hierdie blinde wat hier sit en bedel.
- Al kon hy nie self agter Jesus aanloop nie, het hy sekerlik al baie van hom gehoor as die verbygangers praat.
- Miskien het hulle hom selfs vertel van die wonders wat Jesus doen, en van die wonderlike preke wat hy lewer.

Dadelik begin hierdie blinde om Jesus te roep:

Seun van Dawid, wees my barmhartig!

Die mense naby die blinde man is almal net soos ons.

- Hulle is so onwillig om te help.
- Hulle is dadelik geïrriteerd met hierdie bedelaar wat nie sy plek ken nie. Wie is hy nou eintlik om so na Jesus te staan en roep?

Daarom het baie met hom geraas en baie katterig vir hom gesê dat hy moet stilbly.

- Só sonder naasteliefde het hulle geword dat hulle nie eers meer hierdie sonde van hulle aanvoel nie!
- Dis al erg genoeg vir die gemeenskap dat daar 'n bedelaar in hulle strate is, en nou ken hy nog sy plek ook nie!

Daar is egter 'n verandering by die blinde. Hy het al baie gehoor van hierdie Jesus Christus, en

gehoor hoe Hy mense verlos.

- Hierdie blinde glo aan hierdie verlossing!
- Dis waar sy rykdom lê!
- In die krag van sy geloof!

Hy glo dat die Here Jesus ook vir sy blindheid gekom het.

- Daarom bly hy roep.
- As die mense hom bestraf, dan roep hy net al hoe harder.

Meteens is sy omstandighede anders!

- Hy bedel hy nie meer nie.
- Hy smee vir genade by God.

Hy is geduldig.

- Hy bly hierdie dringende gebedsroep van hom herhaal, al maak die mense hom ook stil, want hy weet sy verlossing lê in die verhooring van hierdie gebed van hom tot die Here.
- Hy roep dringend.

Hierdie man is nie maar net sommer nog 'n blinde nie.

- Hy is ook nie maar net een van die baie mense wat daar gelewe het en saam met Jesus deur die strate beweeg het nie.
- Hy het vir die Here 'n naam – die Here ken hom persoonlik.
- Dit gaan oor 'n verbondskind van die Here.

Daarom stel die Bybel dit so duidelik: *Hy is Bartiméüs, die seun van Timéüs!*

- Die Here ken hom lankal.
- Die Here Jesus ken selfs sy familie – Hy ken dan die blinde se pa by die naam.

Bartiméüs is 'n uitverkorene van die Here.

Daarom word sy gebed ook verhoor.

Kyk prakties na sy lewensomstandigheid: Bartiméüs is 'n Jood – nes al die mense wat daar voor hom verbyloop.

- Hulle is almal vir die Paasfees op pad na Jerusalem toe.
- Almal, behalwe Bartiméüs – want hy kan nie sien om na Jerusalem toe te gaan nie.

Bartiméüs het ook 'n behoefte gehad aan die Paasfees.

- Hy het ook 'n behoefte daaraan gehad om met God gemeenskap te beoefen.
- Dit verklaar die geweldige behoefte by hierdie man om uit hierdie toestand van blindheid verlos te word.

Hy het ook al gehoor wat die mense van Jesus sê.

- En uit die prediking was dit vir hom baie duidelik dat Jesus die beloofde Messias is.
- By hierdie Messias is daar verlossing moontlik!

Hy roep dringend na hierdie Jesus. Lukas 18 vertel ook hierdie geskiedenis:

Toe roep hy uit en sê: Jesus, Seun van Dawid, wees my barmhartig!
(Lukas 18:38 AFR1953)

Daar skuil iets treffends in hierdie man se woorde.

- *Jesus* beteken *die HERE* verlos.
- Die feit dat hy die Here Jesus op die naam noem, is al klaar 'n belydenis dat hy glo dat verlossing by God moontlik is.

So werk die Heilige Gees in sy hart. Daarom bly hy so aanhoudend roep.

- Hier het hy meteens 'n blywende sekerheid.
- Die barmhartigheid van die Here gaan hom vir altyd van hierdie staat van doemwaardigheid verlos.
- Hy sal voortaan ook met waardigheid en eer kan leef as hy nie meer hoef te bedel nie!

Hy roep dringend, want meteens het hy iets nuuts om voor te lewe.

- Hy vra nie meer geld nie, want hy stel belang in 'n ander rykdom.
- Hy vra nou iets besonders – hy vra nou die barmhartigheid van God.

Hoe dikwels besef ons ons nood, maar ons kom die rykdom van ons geloof kort.

- Dan bid ons so halfhartig.
- Of ons verloor moed, en hou op om te bid.

Die skare probeer om Bartiméüs stil te maak.

- Hulle gaan staan soos 'n muur voor hierdie man – tussen hom en sy God.
- Dis asof hulle die moontlikheid vir sy verlossing wil verhoed.
- Maar hy hou aan om hierdie gebed uit te roep – en sy volharding word beloon as die Here Jesus hom hoor.

Wat is dit wat Bartiméüs so besiel het?

- Dit het meteens vir Bartiméüs duidelik geword dat dit nie help om voortdurend jou gebed op aardse dinge vas te nael nie.
- Geld en alle lewensmiddele raak weer gedaan.
- Dan sal hy weer moet bedel.

Daarom besef hy meteens dat hy vir iets anders sal moet bid. Vandaar die nuwe gebed.

- Nie meer 'n gebedel vir 'n muntstukkie nie – dit word nou 'n gebed vir God se barmhartigheid.
- Hy smeek vir verlossing van sy liggaamlike nood.

Dan kan hy werk en, met God se genade, self sy daaglikse brood verdien.

- Dan kan hy ook sien om die Here Jesus self te volg.
- Dan kan hy ook saam trek Paasfees toe.
- As hy oë kan hê wat kan sien, sal dit vir hom moontlik wees om God te soek en te volg.

Daarom roep hy aanhoudend na die Here Jesus.

- Hy bid sonder ophou vir dit wat hy so bitter nodig het.
- En dan word sy gebed verhoor.

Die Here Jesus gaan staan. Hy roep Bartiméüs!

- Meteens sien Markus, die skrywer van hierdie evangelie, ook die skynheiligheid van die mense raak!
- Die snaakse is dat hierdie hele skare wat nou net nog 'n afkeer van Bartiméüs gehad het, en probeer het om hom stil te maak, nou skielik bereid is om die Here met hierdie man te deel.

- Sopas wou hulle nie, maar noudat Jesus hom roep, is hulle bereid om hom te aanvaar.

Omdat hulle skaam is!

- Dis waarom hulle in hierdie opsig so vinnig tot bekering kom.
- Hulle besef meteens dat die Here bo-oor hulle selfsugtigheid na hierdie kind van Hom toe gegaan het.

Bartiméüs is so bly dat sy gebed verhoor is, dat hy sy bokleed weggooi sodat hy gouer by die Here kan kom.

- As hy nou die regte ding van sy tyd wou doen, moes hy eintlik sy bo-kleed eers vasge Gord het.
- Maar hy is te haastig.
- Selfs sy kleed kan maar bly, solank hy net onmiddellik die genade van sy Here kan ontvang.

Dan volg hy Jesus Christus.

- Hy gaan saam op die pad na Jerusalem.
- Hy gaan ook Paasfees vier – die eerste fees van verlossing wat hy kon sien.

Daar was ongetwyfeld nie een mens vir wie hierdie Paasfees heerliker was as vir Bartiméüs nie!

Wat is die betekenis van Bartiméüs en sy geskiedenis?

- Dít dat sy blindheid die mens in sy sonde teken.
- Bartiméüs was letterlik en figuurlik verlore – daarom kom staan Jesus teenoor hom.

Jesus die Christus wat op pad is om gekruisig te word.

- Vir Bartiméüs die eerste fees wat hy kon sien.
- Vir Jesus die laaste een wat Hy as mens gesien het, want Hy moes sterf sodat, onder andere, Bartiméüs kon sien, en ook kon lewe.

Die dood van Christus was tot genesing van sondes, soos wat die blinde Bartiméüs sy gesig teruggekry het.

- Maar dit het ook die betekenis dat God van ons verlang om sonder ophou vir ons geestelike genesing te bly bid.
- God toets ons dikwels aan die uithou vermoë van ons geloof.

Ons weet mos dat Christus verlos – ons en ons Kerk.

- Maar beteken dit vir ons soveel soos wat dit vir Bartiméüs beteken het?
- Staan ons ook met soveel volharding voor die Here?
- Ons moet ook soos hy al hoe harder roep, soos wat die duiwel en sy werk ons al hoe meer van God probeer afkeer.

Ons gebede moet ook meer koninkrykgerig wees.

- Ons moet meer bid vir sake wat die Ewige Lewe raak.
- Dan sal ons aardse probleme vanself opgelos word.
- Ons moet ook bid met die aanvaarding van die verantwoordelikheid wat van ons kant af moet kom.
- Ons moet nie net bid vir genade nie – ons moet ook so lewe dat ons hierdie genade waardig is.

Hoe baie keer kenmerk selfsug ons gebed, en die manier waarop ons die Here soek?

- Baie gebede gaan net vir tydelike goed.
- Sulke gebede staan in skrilte kontras met die gebed van Bartiméüs. Hy vra genade.

Hy vra oë, want dan sal hy ook liggaamlik die verantwoordelikheid kan dra om elke dag agter die Here Jesus aan te loop en Hom te dien.

- Dan sal hy ook met sy hande diens kan lewer.
- Dan sal hy nie net ontvang nie maar ook gee.

Ons moet wees soos Bartiméüs – eerder finansieel arm maar geestelik ryk.

- Arm aan geld, miskien, maar skatryk aan die gawes van ons siel.
- Ryk aan die behoefte om by God te wees en in sy heiligheid te deel.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 90:9 (p. 456)

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Augustus 2010